Voorbereiding vir Mamma en Pappa:

Ouers, julle gaan bietjie uit die boks moet dink en alle feestelike versierings gaan uitkrap. Julle moet die tafel laat lyk soos 'n verjaarsdag tafel. Gaan voluit! Want julle gaan Sondag feesvier met ballonne, "streamers", 'n koek, kersies, koeldrank, blomme en natuurlik 'n geskenk boks met die woorde Heilige Gees daarop.

- Stuur vir die kinders hierdie uitnodiging hierbo.
- Sondag se les kan jy lees of vertel in jou eie woorde:

Vandag is Pinkster-Sondag.

'n Fees dag, 'n verjaarsdag, 'n jubeldag! Die geskenk wat Jesus belowe het, is hier. God se Gees. Jippieeeeee!
Het jy al iemand gesien wat 'n geskenk ontvang en dit nooit oopmaak nie? Of nie bly is oor hulle geskenk nie? Ek verseker nie! Ek wil die papier dadelik afskeur en kyk wat is binne.
Die dissipels het gewag en gewag en gewag vir 'n volle 10 dae lank totdat hulle die Geskenk wat Jesus belowe het, ontvang het. En net soos wanneer ons met ons verjaarsdag 'n geskenk ontvang, was die dissipels verskriklik bly oor hulle Geskenk en het hulle die Geskenk dadelik begin "gebruik" en gedeel met ander. Daardie dag het 3000 ander mense ook die geskenk ontvang. Dit was omtrent 'n dag om te onthou. **Die dag kan beskou word as die geboorte dag van Jesus se kerk, wat die Goeie Nuus van God se Verlossingsplan aan die wêreld vertel met die hulp van God se Heilige Gees.**
Lees Handelinge 2 of kyk na die Video
https://www.youtube.com/watch?v=OMQKy1Mx49M
Laat een van die kinders die geskenk boks oopmaak en die woord strokies uithaal. Dit is alles woorde wat die Bybel vir ons vertel van die Heilige Gees, maar net soos 'n geskenk moet jy hierdie geskenk van ons Hemelse Vader vat (aanvaar) as jou eie. Hoe maak ek die boks oop? = deur te bid en te vra. Plak julle dankie-sê lysies teen die yskas op.

Skryf die volgende woorde op strokies papier en plaas dit in die Heilige Gees geskenk boks.

- ♥ Trooster
- ♥ Helper
- ♥ Vrede
- ♥ Wysheid
- ♥ Insig
- ♥ Goeie raad
- ♥ Krag
- ♥ Kennis
- ♥ Eerbied vir die Here
- ♥ Selfbeheersing



Ou Testament agtergrond:

Was julle al by ‘n oesfees? Weet jy wat is ‘n oesfees?

Dit is ‘n fees wat in ‘n sekere deel van die land gehou word wanneer die oes van daardie omgewing ingesamel word. Dit kan ‘n oes van druiwe, kersies, olywe of koring wees.

Toe God se volk die nuwe land Kanaän ingeneem het, het hulle ook ’n fees gehou. Op ‘n sekere dag moes hulle ‘n paar van die ryp koringare bring om vir God dankie te sê vir die oes wat hulle nou sou gaan insamel. Hierdie eerste koringare is gewoonlik tydens die Paasfees vir God geoffer. Dan moes die Israeliete 50 dae aftel, waartydens hulle geoes het. Daarna het die fees ná die oes – die dankie-sê-fees – gevolg.

Die woord Pinkster en die Engelse woord Pentecost beteken “vyftig”. Die Pinksterfees is die fees wat gehou word 50 dae ná die dag dat die eerste koringare vir God gebring is.



Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” Handelinge 1:8

Matteus 28:19-20 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Simbole van die Heilige Gees